**29 Julie**
**Skrifgedeelte: Markus 5:25-34**
**Fokusgedeelte: Markus 5:34**

**Teen Jesus druk of aan Hom raak?**

In ons teks ontmoet ons ‘n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. Sy het alles probeer om gesond te word. Kruis en dwars het sy van die een dokter na die ander gegaan en alle rate en medisyne probeer, dog alles tevergeefs. Haar toestand het al erger geraak; daarom is sy desperaat. Volgens die wet (Lev 15:25-30) was sy onrein solank as wat die bloedvloeiing aangehou het, en enigiemand wat aan haar raak, sou ook onrein wees. In die gedrang kom sy nader aan Jesus en raak sy klere van agter aan.
Niemand kom dit eers agter nie, behalwe … Jesus! In hierdie gedrang het daar baie mense van alle kante teen Hom gedruk en toevallig aan Hom geraak. Sy het egter anders aan Hom geraak, want sy het doelbewus nadergekom, in die geloof haar hand na Hom uitgesteek en sy klere aangeraak. Volgens die wet van Moses was daar nou ‘n probleem, want nou was daar nie net een onreine nie, maar twee: die vrou én Jesus! Tog het haar onreinheid Hom nie onrein gemaak het nie, maar sy heiligheid het haar gereinig en gesond gemaak. So is daar vandag ook mense wat maar net terloops teen Hom druk en aan Hom raak, sonder om Hom doelbewus in die geloof aan te raak. Dit is mense wat miskien maar net uit gewoonte kerk toe kom, Bybel lees en bid. Hierdie vrou raak Jesus egter doelbewus aan – met intense geloof en afwagting. Onmiddellik is haar onreinheid weggeneem en word sy gesond. Het jy al daaraan gedink hoe ons na Jesus kom? Druk ons maar net terloops, toevallig en onbedoeld teen Hom? Of raak ons aan Hom met afwagtende geloof, soos hierdie vrou van ons teks? Wie in die geloof aan Jesus raak, sal vind dat daar groot dinge gebeur. Sonde word vergewe, onreines word rein en lewens word verander.
*Sing: Psalm 118:14 Ds MP Harris (Witbank-Suidoos)*